incresco wealth
PROTECT AND GROW

Incresco Wealth Management CC
Is an Authorised Financial Services Provider
Reg. No. 2002/001118/23 – FSP No. 39530

TUSSENGANGER-OPENBAARMAKING

Soos vereis deur die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste (FAIS), 2002.

Carl Buchner is 'n onafhanklike Finansiële Adviseur en hy is die Besturende Lid van Incresco Wealth Management CC en dus gemagtig om namens Incresco Wealth Management CC op te tree. Incresco Wealth is 'n Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer (FSCA nommer 39530). Hierdie Wet vereis dat die finansiële tussenganger se besonderhede, kwalifikasies en die produkte en dienste waarvoor hulle gelisensieer is, ten volle aan kliënte openbaar gemaak word.

Carl Buchner is ooreenkomstig bogenoemde wet gelisensieer om advies en tussengangerdienste ten opsigte van die volgende te lewer:

- Langtermynversekering Kategorie A, B1, B2 en C
- Kleinhandelpensioenvoordele
- Sekuriteite en Instrumente: Aandele & Geldmarkinstrumente
- Pensioenfondsvoordele
- Deelnemende belange in Kollektiewe Beleggingskemas

'n Afskrif van hierdie lisensie is op aanvraag beskikaar.

Carl Buchner het die volgende kwalifikasies:

Universiteit van Stellenbosch

- B.Comm – 1996

Carl Buchner behoort aan die volgende vereenigings:

- *Finansiële Beplannings Instituut van Suider Afrika (FPI) – Financial Services Advisor™ (No 199900656)*
- *Finansiële Tussengangers Instituut (FIA) – Lidnommer: 608836*

Incresco Wealth Management CC het kontrakte met die volgende produkverskaffers:

- AIMS
- Allan Gray
- Discovery
- FMI
- Ninety One
- Liberty
- Momentum
- Nedgroup
- Old Mutual
- PPS Lewens
- PPS Investments
- PSG
- PSG
- Sanlam
- Sygnia
- Stanlib

Incresco Wealth Management CC lewer nie die volgende dienste aan sy kliënte nie, maar kan van tyd tot tyd in 'n posisie wees om kliënte na 'n toepaslike firma of individu te verwys wat hierdie dienste aanbied:

- Korttermynversekering
- Mediesefondse & Gap Cover
- Inkomstebelastingadvies
- Testamente & Trust

Voldoeningsbeampte

Bronwen Henwood; Kontakbesonderhede: e-pos henwoods@telkomsa.net, selfoon 082 490 2568.

Kontak persoon by kantoor

Maré Denton & Menoesj Laing. Hul e-pos adresse is: mare@incresco.co.za / menoesj@incresco.co.za. Cobus Basson is ook a Sleutelpersoon en Verteenwoordiger onder Incresco Wealth Management CC.

Belangebotsing en POPI

Incresco Wealth Management CC is nie 'n geassosieerde maatskappy nie en dit het ook nie aandeelhouding in enige geregistreerde versekeraar van enige ander finansiële instelling nie. Ons het ook geen verhouding met enige organisasie of produkverskaffer wat tot 'n werklike of potensiële belangebotsing aanleiding kan gee nie. Ons het ook nie enige bykomende belang in die finansiële dienste wat gelewer word nie buiten dié dienste wat deursigtig geopenbaar word. 'n Omvattende Belangebotsingsbeleid en ons POPI beleid (Protection of Personal Information) is in werking gestel en kliënte kan insae hierin verkry.

Klagteregister

Incresco Wealth Management CC word ooreenkomstig die FAIS-wet verplig om 'n Klagteregister aan te hou waarin alle skriftelike klagtes aangeteken word wat van kliënte ontvang word. Die FAIS-wet vereis ook van ons om 'n Klagtebeleid op te stel waarin die klagtehanteringsprosesse breedvoerig uiteengesit word. Ons Klagtebeleid is by ons kantoor vir insae beskikbaar.

Vertroulikheid

In die verloop van ons dienslewering aan jou sal inligting van 'n vertroulike aard in ons besit kom. Ons sal in geen stadium enige vertroulike inligting gebruik of openbaar maak of derde partye toelaat om enige vertroulike inligting te gebruik of openbaar te maak behalwe tot die mate waarin die kliënt dit toelaat of in sodanige omstandighede wat deur die wet vereis kan word.

Incresco Wealth Management CC het gedurende die laaste 12 maande nie meer as 30% van sy totale vergoeding van 'n enkele produkverskaffer ontvang nie.

Ons beskik oor professionele skadeversekering.

KLIENT NAAM & VAN	KLIENT HANDTEKENING	DATUM

20 Koeberg Road, Durbanville, Cape Town, 7550 PO Box 2056, Durbanville, 7551
Tel 087 813 0046 Fax 086 556 0989 E-mail info@incresco.co.za
www.incresco.co.za

Managing Member: CC Buchner